

11 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 110

Fokusgedeelte: Psalm 110:1 en 4

Jesus Christus is Koning en Priester vir ewig

In 2 Samuel 7:11 belowe die HERE vir Dawid dat Hy vir hom 'n koningshuis gaan bou. In 2 Samuel 7:16 belowe die HERE dat een uit Dawid se nageslag vir ewig koning sal wees. In Psalm 110 sê Dawid vir ons profeties wie daardie nasaat van hom gaan wees wat vir ewig Koning sal wees.

In vers 1 verwys Dawid na 'n Koning wat groter as hyself is. 'n Koning wat so hoog in aansien is dat Hy die eervolle posisie aan die HERE se regterhand mag beklee en dat die HERE al sy vyande aan Hom sal onderwerp. Verder aan in vers 4 hoor ons dat Hy nie net Koning gaan wees nie, maar ook terselfdertyd 'n Priester wat namens sy onderdane vir hulle by die HERE intree, net soos wat Melgisedek koning en priester was in die tyd van Abraham (vgl. Gen 14:18).

In die Nuwe Testament openbaar God aan ons dat hierdie profetiese Koning waarna Dawid in Psalm 110 verwys, Jesus Christus is (vgl. Matt 22:44; Mark 12:36; Luk 20:42-43; Hand 2:34-35; 1 Kon 15:25; Heb 1:13). Jesus Christus is die Koning wat aan God se regterhand sit waar Hy oor die nasies regeer en sy oordeel oor sy vyande uitspreek. Tog is Hy ook die ewige Priester wat sy eie bloed as soenoffer aanbied sodat sy uitverkorenes nooit weer voor die verskrikking van God se toorn hoef te staan nie.

Elkeen wat in Jesus Christus glo, mag tot die Vader nader, omdat Jesus Christus as ewige priester vir ons by die Vader intree en ons daarom voor die Vader kan staan asof ons nooit enige sonde gedoen het nie. Verder vernuwe die Heilige Gees ons sodat ons, ons gewillig in die diens van ons Koning sal stel (vs 3). Wat 'n wonderlike vooruitsig dat ons in die diens van ons ewige Koning mag staan, vry van die slawejuk van die sonde!

Sing: Psalm 110:1,2 & 5 (Totius)

Teologiese Student JG van der Walt